

DIE HUISGENOOT

VERENIG MET ONS MOEDERTAAL

Geïllustreerde Weekblad

Onder Redaksie van Dr. H. G. Viljoen.

Uitgewers: Nasionale Pers, Bpk., Bus 692, Kaapstad.

Deel XII., No 277.]

15 JULIE 1927.

[GREGISTREER AAN DIE HOOF-
POSKANTOOR AS 'N NUUSBLAD.

Prys 4d.

Die Afrikaanse Eisteddfod.

ONS publiseer elders in dié uitgawe die program van die Afrikaanse Eisteddfod wat in Kaapstad op Saterdag 15 Oktober 1927 'n aanvang sal neem. Alle besonderhede is in die program te kry.

Soos ons lesers sien, staan DIE HUISGENOOT vir hierdie grootse onderneming borg. Sonder huiwering het ons die verantwoordelikheid op ons geneem, want ons het geweet dat ons op die kampvegters en liefhebbers van ons taal kan staat maak waar dit om die bevordering van ons taal gaan.

Selvs tot in die uithoeke van ons land sal dit as 'n heuglike gebeurtenis beskou word dat in die Moederstad Afrikaanse kunswedstryde gehou sal word. Wie sou 'n tien jaar —ja, selfs tien jaar gelede dit durf voorspel het? Ons is dankbaar dat ons reeds so ver gevorder het. Maar nou moet ons die skouer aan die wiel sit en daarvoor sorg dra dat ons hierdie onderneming in 'n skitterende sukses omsit. Die welslae daarvan hang van ons almal af. Onthou dit is 'n proefneming. As ons poginge vanjaar met sukses bekroon word, dan kan ons daar seker van wees dat die Afrikaanse Eisteddfod in Kaapstad in die toekoms tot 'n groot volksfees verhef sal word waar die room van ons kuns aan die volk opgedis sal word. Laat ons hierdie Afrikaanse Eisteddfod 'n brandpunt van ons kultuur- en kunslewe maak. As ons almal bymekaar staan, kan 'n krag van hierdie beweging uitgaan wat soos 'n suurdeeg ons hele volk sal deurtrek en die kunsgevoel aanwakker. Ons doen 'n beroep op al ons lesers om aan die wedstryde deel te neem en propaganda vir die saak te maak. Daar is so 'n groot verskeidenheid van Afdelinge in die Program dat dit geleentheid tot uiting aan elke kunsneiging aanbied. Laat ons almal deelneem, sodat ons waarlik die keur van ons volk se kunsvoortbrengsels op die Afrikaanse Eisteddfod verteenwoordig sal vind.


Orals kan plaaslike komitees aangestel word om geesdrif op te wek en voorlopige wedstryde te hou, sodat die beste werk en die beste deelnemers op die Eisteddfod kan meeding. Daar lê nog drie maande voor vir voorbereiding. Vir diegene wat nie persoonlik kan kom meeding nie, is daar nog 'n ruim keuse van onderwerpe wat nie hulle

teenwoordigheid op die Eisteddfod noodsaaklik maak nie. Soos onderwysers sal sien, is daar pragtige geleentheid vir hulle leerlinge om uit te blink.

Laat ons nou wys dat dit ons erns is. Dit sal 'n spoorslag vir ons almal wees as Van Riebeeck se stad, die Moederstad, weer die brandpunt van ons kultuurlewe kan word.

Diegene wat vir die groot saak voel, maar nie self aan die wedstryde kan deelneem nie, kan die Afrikaanse Eisteddfod met die uitloof van geldpryse steun. Alle geldelike bydraes sal met dank in DIE HUISGENOOT erken word.


Laat ons nou deur die lengte en breedte van die land organiseer om die beste talente te ontdek, sodat ons 15 Oktober 'n groot dag vir die Afrikaanse taal en kultuur kan maak.



Ons, Afrikaners !

Ons, Afrikaners, is 'n nasie.
Ons het ons eie taal, gebore saam met ons, hier in Suid-Afrika.
Ons het ons eie geskiedenis.
Ons het ons eie godsdiens en traditiesies.
Ons het ons eie roeping.
God het ons nie verniet hier onder die Suiderkruis geplaas nie.
Hy het Sy doel gehad met die Hugenote en met die Geuse; met die Voortrekkers en met die Boereoorlog; met Botha en met Hertzog.
Hy het vandag ook nog Sy doel met ons, die enigste, grote, blywende blanke gemeenskap in Afrika.
Ons sal ons Kruis blymoedig dra—
Voorwaarts, Diets-Suid-Afrika!

A. D. KEET.



DIE HUISGENOOT het die groot moontlikhede van hierdie onderneming ingesien en met die grootste vertroue vir die welslae daarvan borg gestaan. Ons is seker dat ons lesers nie sal toelaat dat ons beskaamd daaruit sal kom nie. Die groei en bloei van ons taal en kuns neem dag vir dag toe. Laat 15 Oktober die groot dag van die Afrikaner se geestelike wapenskouing in Kaapstad wees, en vergeet nie om self teenwoordig te wees om dié heuglike gebeurtenis by te woon nie.

Afrikaanse-Taaleksamens.

ALLE onderwysers(-esse) wat ywer in belang van Afrikaans, word hiermee herinner dat die Afrikaanse-Taaleksamens vanjaar op 21 Oktober afgeneem sal word en dat alle inskrywings die Sekretaris vir 22 Augustus moet bereik.

Soos alreeds bekend gemaak is, sal die eksamens in vervolg afgeneem word deur die Gesamentlike Eksamenkommissie van die Taalbond en die Saamwerk-Unie en nie meer deur die twee liggame apart nie. Alle kompetesie tussen die twee liggame word dus uitgeskakel, en die gewenste eenvoudigheid sal verkry word.

Die Laer Eksamen is 'n uitstekende toets veral vir Engelssprekende kandidate wat hoop om die Junior-Sertifikaateksamens aan die end van die jaar af te lê. Dis ook 'n voortreflike eksamen vir Afrikaanssprekende kinders in Standaard VII en selfs in Std. VI. Geen voorgeskrewe boeke is verpligtend vir hierdie eksamen nie. 'n Pragtige wisselbeker word uitgelooft aan die skool wat die beste resultate in die Unie in hierdie eksamen lewer.

Die ruime keuse van voorgeskrewe boeke wat in die Hoër Eksamen gegee is, maak dit moontlik dat kandidate vir die volgende openbare eksamens hiervoor sal kan inskryf sonder om ekstra boeke spesiaal vir hierdie eksamen te bestudeer:—

- (a) Matriek, Universiteit van Suid-Afrika—Afrikaans A of B.
- (b) Senior-Sertifikaateksamens, Kaapprovinsie—Afrikaans Laer of Hoër Graad.
- (c) Middelbare-Skool-Sertifikaateksamens, Transvaal—Trap II, Laer of Hoër Graad.
- (d) Junior-Sertifikaateksamens, Universiteit van Suid-Afrika—Afrikaans A.
- (e) Junior-Sertifikaateksamens, Kaapprovinsie—Afrikaans Hoër Graad.
- (f) Middelbare-Skool-Sertifikaateksamens, Transvaal—Trap I, Hoër Graad.

Die Gesamentlike Eksamenkommissie vertrou op die hartlikste samewerking van die publiek sowel as van die skole en wil graag sien dat 'n rekkordaantal kandidate vir die verskillende eksamens vanjaar inskrywe.

Programme en Inskrywingsvorme is verkrygbaar by of ds. G. Malan, Sekretaris, Taalbond, Kaapstad, of Die Sekretaris, Eksamenkommissie, Posbus 119, Pietermaritzburg.

Onthou asb. die sluitingsdatum vir inskrywings, nl. 22 Augustus.

C. M. BOOYSEN,
Sekretaris Eksamenkommissie.